

## MY HEEL EERSTE GEDIGGIES

## VINGERSPELETJIES

### Disa-dogtertjie

(Antjie Krog)

So dans die Disa-dogtertjie  
So dans sy langs die stroom  
So buig sy met die varings saam  
En was haar vlerkies skoon  
So drink die Disa-dogtertjie  
Dou van die silwer stroom  
So het die Disa-dogtertjie  
In my hart kom woon

### Jan Verwey se vark

Jan Verwey het 'n vark gekry,  
Hy's nie klein nie,  
Hy's nie groot nie  
Hy's lewendig  
en nie dood nie  
Hy snork en snork sê Jan Verwey  
Hy's die regte vark vir my

### Jakkals nooi vir Gansie

Jakkals nooi vir Gansie: "Kom eet  
vanaand by my.  
Daar's heerlike ou kossies en uintjies uit  
die vlei."  
"Nee dankie," sê die Gansie, "al staan jy  
op jou kop.  
As ek vanaand by jou kom eet, eet jy my  
seker op."

### Wippie en Snippie

Wippie en Snippie loer uit by 'n gaatjie  
Wip is 'n muisie en Snip is sy maatjie  
Wippie en Snippie daar kom die groot kat  
Woerts spring die muise weer terug in  
die gat

### 'n Vlooi het in my broek gespring

'n Vlooi het in my broek gespring  
op 'n warm somersdag  
Hy kriewel rond en kielie my  
tot ek begin te lag  
Ek voel hom hier, ek gryp hom daar  
Hy maak my nie eers bang nie  
Ek sukkel nou al vir 'n jaar  
maar kan hom net nie vang nie

### Die donker man

(Ingrid Jonker)

Op die groen voetpad oor die horison ver  
Om die aarde skat stap 'n ou man wat  
'n oop maan dra in sy hare  
'n nagtegaal in sy hart  
jasmyn gepluk vir sy oop knoopsgat  
en 'n rug gebuk aan sy jare  
Wat maak hy mammië?  
Hy roep die kriekies, hy roep die swart  
stilte wat sing soos die biesies my hart  
En die sterre wat klop tok-tok liefling  
soos die klein toktokkies in 'n fyn ver  
kring  
Wat is sy naam mammië?  
Sy naam is Sjuut  
Sy naam is Slaap  
Meneer Vergeet uit die land van Vark.  
Sy naam is Toemaar  
Hy heet, my lam  
Toemaar, die donker man

### Die wind die waai

Die wind die waai  
Die haan die kraai  
Die bok staan op sy tone  
Hy eet die boer se bone  
Die boer kom met sy kweperlat  
En slaan hom op sy linkerblad

### My fiets se klokkie

My fiets se klokkie sê: Trieng, trieng,  
trieng  
En die kerk se klok sê: Dong, dong  
Die voordeurklokkie sê: Trr, trr  
En die etensklokkie sê: Tieng-ge-lien-ge-  
lieng  
Die spierwit haantjie sê: Koe-koe-loe-koe  
En die groot ou koei sê: Moe, moe  
Die lammetjie sê: Mê, mê  
En die fraai klein duifie sê: Koe-re, koe-re,  
koei  
Die vet ou padda sê: Kwaak, kwaak,  
kwaak  
En die vaal ou uil sê: Hoe-hoe!  
Die kleine by sê: Zoemmm, zoemmm  
Maar die skilpad? Hy bly tjoe-pie-tjoe-pie  
stil.

### Twee tongknopers

My liewe neef Louw, my neus jeuk nou  
Jeuk my liewe neef Louw se neus ook nou?

Sannie sê Sannie sal sewe sakke sout sleep  
Sonder Sannie sê Sus Sannie sleep swaar  
Sannie sê Sannie sal sewe sakke sout sleep  
Sewe sakke sout sleep swaar sowaar

### Daar kom 'n muis

Daar kom 'n muis (*bring jou kriewelende  
vingers na jou baba se gesiggie*),  
Hy bou 'n huis (*trek jou wysvinger om  
die gesiggie en neem jou hand dan weg*)  
Daar kom 'n muggie (*bring weer jou  
kriewelende vingers na sy gesiggie*)  
Hy bou 'n bruggie (*trek met jou wysvin-  
ger oor sy neusbrug*)  
Daar kom 'n vlooi (*bring jou vingers na  
sy lyfie*)  
En hy kielie jou hier en hy kielie jou daar  
(*kielie hom*)

### Vyf klein duifies

(*Hou jou hand met al vyf vingers oop.  
Neem elke keer 'n vinger weg soos die  
duifies een vir een wegvlieg*)  
Vyf klein duifies sit in 'n ry  
Die een sê: Koer koer, ek moet gaan,  
Weg vlieg hy.  
Vier klein duifies sit in 'n ry  
Die een sê: koer koer, ek moet gaan,  
Weg vlieg hy.  
Drie klein ...

### Om die blomtuin

(*Trek met jou wysvinger om jou kind se  
palm, gee dan twee "treë" op sy arm en  
kielie sy lyfie.*)  
Om en om die blomtuin  
Soos 'n teddiebeer  
Een tree, twee treë  
En dan kielie ek jou weer

### Vyf varkies

(*Druk met elke versreël van die rympie  
op elke vinger of toon van die kleinding  
se hand of voet en kielie met die laaste  
reëltjie.*)  
Hierdie varkie gaan plaas toe,  
Hierdie varkie bly tuis,  
Hierdie varkie eet braaivleis,  
Hierdie varkie kry niks om te proe,  
En hierdie varkie skreeu: "Wee-wee-  
wee, al die pad huis toe."

### Vinger-ongeval

(*Hou jou hand in 'n vuis en laat die toe-  
paslike vinger verskyn.*)  
Duimpie het in die water geval  
Lekkepot het hom uitgehaal,  
Langeraat het hom huis toe gedra,  
Fielafooi het hom neergelê,  
En Pinkie het vir Ma gaan sê \*